

Gereformeerde Kerk Bellville – 23 September 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 10-1:1, 2 (Sb 28)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,
ons bid in stille^oerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.
- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 122:1, 2 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige^ooord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.
- 2 Daar staan die Dawidstroon gestig – / 'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin, / wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur / in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende^oen broers soek ek jou vrede; / en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie, ^ostad, / wat skoonste is van alle stede.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 86:5, 6 (p. 433)

- 5 Al die volke^oin heidenlande – / eie maaksel van u hande –
sal hul neerbuig voor U, HEER, / en u Naam aanbidde eer.
Want u grootheid ken geen perke; / U alleen doen wonderwerke:
daar 's geen God naas U, geeneen, / U is God, ja, U alleen!
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Psalm 67:1, 2 (p. 326)

- 1 Wees ons, o HEER, wees ons genadig / en seën ons by owervloed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig / ons koester met sy liefdegloed;
dat vir verste volke / deur ontslote wolke / kennislig kan breek;
nasies met verblyding / van die blye tyding / in hul land kan spreek!
- 2 Die nasies wat U nou nie prys nie, / hul sal U loof, hul almal saam.
Die volk wat U geen dank bewys nie, / sal sing die grootheid van u Naam.
U, hul loflied waardig, / oordeel hul regvaardig, / U wat nasies lei.
Lande vergeleë / juig oor verre seë, / in u goedheid bly.

Skriflesing: Matteus 6:1-18

Kernverse: Matteus 6:9b-10

Laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. (Matteus 6:9b-10 AFR53)

Tema: Ons Vader se belange geniet voorrang in ons gebed

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, verlede week het die Heilige Gees ons aan die hand van die eerste deel van vers 9 gewys wie die God is wat ons as Vader in gebed aanroep. Nou gaan Jesus verder om vir sy dissipels te leer wat is die inhoud van 'n gebed wat aan God se standaard vir gebed voldoen. As ons mooi luister wat die Gees vanoggend vir ons sê en dit ter harte neem, sal ons nie maar net met ons verstand kan instem dat dit 'n mooi gebed is wat Jesus ons leer nie. Ons sal inderdaad ook die inhoud van ons eie gebede beoordeel en hervorm, as dit nie aan God se standaard voldoen nie.

Die gebed wat Jesus ons leer, is in twee gelyke dele verdeel. Die eerste drie sake waarvoor ons behoort te bid, volgens hierdie patroon wat Jesus aan ons voorhou, gaan oor die belange van ons Vader wat in die hemel is. Die tweede deel van die gebed gaan oor ons eie belange. Hierdie volgorde, naamlik God eerste en dan ek en die ander mense, is al 'n baie ou volgorde. God kom altyd eerste. So het Hy dit al in sy Tien Gebooie vasgelê. In die eerste vier gebooie sê God hoe Hy wil hê dat ons ons liefde aan Hom moet bewys. En in die volgende ses gebooie sê Hy hoe ons ons liefde vir ons naaste moet bewys. Jesus Christus, die Seun van God, behou hierdie volgorde. Ons Vader wat in die hemel is, kom ook in ons gebed eerste. Daarna kom ons en ander mense se behoeftes aan die orde.

Vir ons natuurlike geaardheid gevoel is hierdie volgorde verkeerd. En in die wêreld vandag met sy menseregte sal hierdie volgorde – eerste God en dan die mens – ook nie maklik aanvaar word nie. Die mens wil mos belangrik voel en elkeen kyk gedurig onder mekaar of hy nie ouer en groter en belangriker is as iemand anders nie. Mense wil graag op die skouer geklop word en raakgesien word. Maar onder die kinders van God, onder hulle vir wie God hulle Vader in die hemel is, raak hierdie natuurlike geaardheid van die mens al minder en verdwyn dit al meer op die agtergrond totdat dit eendag heeltemal weg is.

Maar hoe kan gelowige mense hulle eie belange, nie minag nie, maar net op 'n tweede vlak skuif om hulle Vader se belange eerste te stel? Broers, susters en kinders, dit kan onder leiding van die Heilige Gees se werk gebeur. Daarom moet ons nie sommer net wegval en bid nie. Ons behoort eers vir 'n oomblik stil te raak. Vra die Heilige Gees om jou te herinner waarvoor gebed gaan en wie God is wat jy nou in gebed as jou Vader wat in die hemel is, wil aanspreek.

Wanneer die Heilige Gees 'n mens dan aan Jesus se woorde herinner, sal 'n mens besef, aan die een kant, dat gebed nie bedoel is om toneel te speel soos die Fariseërs nie of om God in te lig oor dinge waarvan Hy niks sou weet soos die heidene doen nie, maar bedoel is om God op te soek en Hom te aanbid; en aan die ander kant, sal 'n mens besef dat God jou persoonlike God en Vader is in wie volmaakte liefde en almag tot 'n eenheid verenig is. Geliefdes, wanneer hierdie besef tot ons deurgedring het en in ons harte grondgevat het, sal die inhoud van ons gebede radikaal beïnvloed word. Omdat gebed bedoel is om God ons hemelse Vader te aanbid en omdat ons weet wie Hy is, sal ons sy belange vooropstel in ons gebed, want Hy is die belangrikste in ons lewe. En daarna sal ons ons eie en ander mense se belange in ons gebed opneem. Alhoewel ons belange nou na die tweede plek geskuif het, sal ons dit steeds volledig aan God toevertrou. Hy is immers ons Vader

wat in die hemel is. Hy het ons volmaak lief en Hy is almagtig, Hy wil ons versorg en Hy kan ons versorg.

Kom ons luister nou eers hoe ons God se belange in ons gebede behoort te behartig. Omdat God ons Vader 'n Persoon is en ons persoonlike God is, is Hy iemand met eie Naam, koninkryk en wil. As ons egter van God onpersoonlik dink – iemand sonder naam of gesig – sou sy Naam, koninkryk of wil ons nie kwel nie. Daarom, as ons ons gebed aan God se standaard wil laat voldoen, is dit noodsaaklik dat ons heelyd in ons gebed sal onthou wie God is wat ons as Vader aanroep.

Ons Vader wat in die hemel is, het 'n Naam en hierdie Naam is heilig. Met die Naam van God bedoel ons nie maar net die letters G, O en D of H, E, R en E nie. Dit gaan nie maar net oor die samestelling van 'n klompie letters of oor die klank nie. Sy Naam is ook nie maar net 'n etiket soos die plakkertjies op blikkieskos sodat ons sal weet wat daarin is nie. Ons hemelse Vader se Naam staan vir Homself wie se Naam dit is, want sy Naam sê vir ons wat ons Vader se karakter en werk is. As ons die Naam *God* noem, hoor ons dat ons Vader almagtig, groot, alomteenwoordig, alwetend, ewig en Skepper van alles is. As ons *Here* sê, hoor ons dat ons Vader heers en regeer, en Hy is die Eienaar van alles wat geskep is. As ons *Vader* sê, hoor ons dat Hy iemand is wat omgee en versorg, want Hy is regverdig, barmhartig en vol liefde.

Dus, geliefdes, as ons van die Naam van God praat, praat ons eintlik van God self. Sy Naam sê hoe Hy is, wie Hy is en wat Hy doen. En aangesien God heilig is, is sy Naam ook reeds heilig. Geen mens kan God en sy Naam heilig maak nie, want God is in Homself van ewigheid af heilig. Maar as ons bid dat Hy sy Naam moet heilig maak, vra ons dat Hy met sy Gees in ons en in alle mense sal werk.

En die werk wat ons vra die Heilige Gees in ons moet doen, is dat ons God reg sal ken sodat ons aan Hom die verskuldige eer en respek sal bring omdat Hy God is. Dit wil sê, ons vra dat die Heilige Gees ons verstand so sal verhelder dat ons die Bybel sal kan lees en verstaan om te hoor wie ons hemelse Vader is en wat Hy alles doen, ook met ons doen. Hoe beter ons die Here leer ken, hoe makliker sal dit vir ons wees om God te eer en te res-pekter. Hoe beter ons die Here leer ken, hoe meer sal ons ook begeer om Hom in ons eie lewe, in die kerk en in die wêreld die eer en lof te gee wat Hom toekom.

Ons eer en respekteer God in ons eie lewe wanneer ons so optree en praat dat ander mense bloot uit ons lewe kan agterkom dat ons Christene is. Uit hoe ons lewe, behoort mense te kan sien dat God ons Here en Vader is. Ons prys God in die kerk wanneer ons ons broers en susters ook help en begelei om God se Vaderlike liefde en sy seggenskap in hulle lewens raak te sien en te erken. Ons eer die Here ook wanneer ons graag na die erediens kom om Hom te ontmoet, te aanbid en na Hom te luister en nie maar net omdat die ouderlinge verwag dat ons in die erediens sal wees nie. Ons bring aan God die eer wat Hom toekom, as ons vir ander mense van sy liefde en regverdigheid vertel. Hoe kan ons tog stilbly as ons weet dat God ons tot sy kinders aangeneem deurdadig Jesus Christus vir ons sondeskuld betaal het? Ons moet mos daarvoor praat.

Maar as ons bid, *laat u Naam geheilig word*, vra ons ook dat die Heilige Gees ons so sal beheers dat ons nie deur ons lewe of woorde veroorsaak dat ander mense God nie sal respekteer nie. Ons moet daarop bedag wees dat ons optrede nie veroorsaak dat goddelose en ongelowige mense die kerk of die Christene slegsê nie. Sulke skellery is immers nie net teen die kerk gerig gerig nie, maar in die eerste plek teen God. In daardie mense heers die gedagte dat as die kinders van God liefdeloos is, hoe liefdeloos moet

God dan nie wees nie. En intussen weet ons dat God liefdevol en geduldig is, want Hy is ons Vader; ons ken Hom persoonlik.

Met hierdie eerste bede vra ons ook hulp en leiding sodat ons openlik vir die Here en sy Naam sal opkom en met mense sal praat wat die Here se Naam misbruik. Ons gaan mos nie toelaat dat ander mense ons pa's en ma's se name beswadder nie. Ons gaan ook nie toelaat dat mense ons eie name onregverdig met sondige dinge verbind nie. Nog meer as wat ons oor ons ouers of oor ons eie name besorg is, moet ons besorg wees oor die Naam van ons God, want Hy is ons Vader wat in die hemel is.

Geliefdes, in die Naam van die Here hoor ons alreeds dat Hy regeer, want ons Vader is Koning van sy koninkryk. Niemand maak God tot Koning nie. Hy is van ewigheid af Koning en Hy regeer van ewigheid af met absolute gesag oor sy hele skepping en elke skepsel. Dit is die Satan en ons sondige geaardheid wat ons wil wysmaak dat God nie Koning op hierdie aarde is nie. Die Satan wil die heerskappy uit God se hande ruk. En plek-plek kry hy dit ook reg. Elke keer wanneer die mens in sy eiewysheid te kenne wil gee dat hy baas is oor sy eie lewe, word God se heerskappy in daardie mens se lewe misken.

Met die koms van Jesus Christus het die koninkryk van God egter op 'n besondere manier deurgebreek in hierdie wêreld. Jesus Christus het God kom verkondig as die ewige Koning aan wie elke skepsel hom moet onderwerp. Hy het God se koninklike heerskappy geopenbaar toe Hy mense van die greep van die duiwel bevry het. Hy het God se kleim afgesteek in hierdie wêreld toe Hy aan die kruis die mense wat aan God behoort met sy bloed losgekoop het van die oorheersing van die sonde. Met sy eie lewe het Jesus vir ons die na-volgenswaardige voorbeeld gestel om God se koningskap oor ons eie lewens te erken. Wat in die Bybel as bevel of beginsel geskryf staan, is nie maar net die woorde en gevoelens van mense wat die Bybelboeke geskryf het nie. Daardie bevels en beginsels is uitsprake van ons ewige Koning omdat Hy heerskappy voer oor elke deel van 'n mens se lewe.

As ons dan bid, *laat u koninkryk kom*, vra ons dat God ons as Koning sal regeer. Ons bid dat die Gees en Woord die rigting van ons lewens sal bepaal en dat ons onself sal neerlê by die eis van ons Koning en ons God. As ons Koning ons beveel om Hom te dien soos Hy wil en om dienaars vir ons naaste te wees, moet dit nie vir ons eers nodig wees om te vra hoekom nie. Ons hoef nie God se bevel te bevraagteken nie. Sy regering is immers volmaak en sy bevels aan ons is regverdig, want ons ken Hom as ons Vader wat in die hemel is.

Verder vra ons dat God sy kerk sal bewaar en laat groei, want die kerk is tog die mense bymekaar wat deur Jesus Christus kinders van God gemaak is en sy koninklike heerskappy oor hulle erken. Die kerk is dus en behoort ook die koninkryk van God sigbaar te maak op aarde. Deur die kerk se optrede moet die erkenning van God se heerskappy al wyer en verder uitbrei. So laat God immers sy koninkryk groei.

In hierdie bede is daar 'n verlanse na die wederkoms van Jesus Christus. Die dag wanneer Christus terugkom op die wolke van die hemel, sal die werke van die Satan finaal vernietig word. En op daardie dag sal elke knie buig voor Jesus Christus en elke tong sal erken dat Hy Here is omdat God absolute seggenskap oor die skepping het. Dan sal almal, ook die ongelowiges, moet erken dat ons God ewig Koning is en Hy die Vader is van die gelowiges.

Ons Vader wat in die hemel is, het ook sy eie wil. Maar sy wil is nie wispelturig en veranderlik nie. Omdat ons Vader alwetend, liefdevol en almagtig is, is sy wil ook volmaak,

goed en regverdig. Aangesien dit die wil van God is wat volledig oor die hele skepping regeer, sal dit dwaas wees om sy wil te weerstaan. Niks kan keer wat God wil laat gebeur nie, want Hy is almagtig. Daarom is dit wys om sy wil te begeer en ook te doen. Wanneer 'n mens die wil van God begeer en sy wil ook doen, spartel jy nie meer met jou eiewilligheid teen die stroom op nie. Dan gebruik jy nie meer al jou energie om God teen te staan nie. Nee, dan gebruik jy al jou energie om deel te neem aan die volmaakte en regverdige regering van ons God, want ook jy doen wat God wil hê.

In die hemel word God se wil reeds volmaak uitgevoer. Die heilige engele is nou al volmaak gehoorsaam aan God. En die gelowige kinders van God wat reeds gesterf het, dien God nou al volmaak in die hemel voor sy troon. Wanneer ons dan bid, *laat u wil ook op die aarde geskied net soos in die hemel*, smek ons dat onself ook hoe langer hoe meer volmaak gehoorsaam sal word aan die Here. Ons vra inderwaarheid dat die Gees ons en alle mense so sal beheers dat die lewe hier op aarde al meer en meer sal word soos die lewe in die hemel, volmaak reg en volmaak in ooreenstemming met God se wil. Nogeens is dit 'n bede waarin ons ons verlange na Christus se wederkoms uitspreek, want dan sal die aarde nuut gemaak word en sal net die gelowiges op die aarde lewe en hulle sal dan volmaak wees.

Geliefdes, 'n mens kan natuurlik hierdie belange van God in gebed aframmel soos 'n papegaai. En dit gebeur nou reeds, want ons ken die *Ons Vader*-gebed uit ons kop. Maar wanneer 'n mens se hart en verstand by elke woord in hierdie eerste drie bedes betrokke is, sê ons wie is vir ons die belangrikste in ons lewe. Natuurlik verkeer ons almal ook onder die druk om aan die wêreld gelykvormig te word. En ons kan maklik aan die wêreld gelykvormig word, want natuurlike geaardheid is aards. En wanneer ons aan die wêreld gelyk geword het, is weer behep met ons eie naam wat vir ons tog so belangrik is, behep met ons eie klein koninkrykies waarin ons baas wil wees, en behep met ons eie willetjie omdat ons net ons sin wil hê.

Omdat dit vir ons so maklik is om weer terug te val in ons ou lewe waarin ons altyd die eerste plek wil hê, is dit my bede dat die Heilige Gees hierdie waarheid wat ons vanoggend gehoor het aan ons harte en gedagtes sal vasmaak. Mag Hy ons altyd daaraan herinner wie ons God is wat ons as Vader aanroep. Geliefdes, as ons dit onthou, sal ons Vader in die hemel se belange altyd die eerste plek kry in ons gebede. Of ons hierdie woorde opreg en eerlik kan bid, sal die toets wees of God regtig vir ons die belangrikste in ons lewe is.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 131:1, 2, 3 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer, ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil. Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.
- 3 Laat Isr'el op die HEER vertrou, / sy hoop op Gods ontferming bou, en stil berus in sy beleid / van nou af tot in ewigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
23 September 2018